

# Vuk'uzenzele



Produced by: Government Communication & Information System (GCIS)

English/Afrikaans

Maart 2021 Uitgawe 1

**STATE OF THE NATION ADDRESS**

**GROW SOUTH AFRICA**

**SONA special edition**



## SA rolls up sleeves for COVID-19 vaccination



President Cyril Ramaphosa was one of the first South Africans to receive the Johnson & Johnson (J&J) COVID-19 vaccine.

Allison Cooper

President Cyril Ramaphosa and Health Minister Dr Zweli Mkhize recently led the nation by example when they launched South Africa's mass Coronavirus Disease (COVID-19) vaccination programme. They joined the first healthcare workers in the country to be vaccinated.

The President demonstrated his confidence in the Johnson & Johnson (J&J) COVID-19 vaccine and helped to allay people's fears when he was vaccinated against the virus at the Khayelitsha District Hospital in the Western Cape.

The first batch of J&J vaccines arrived in the country on 16 February.

"It gives me great pleasure to announce that the first batch of 80 000 doses of the J&J vaccine is being prepared for distribution across South Africa with immediate effect," the President says.

"As this batch has already been approved by the South African Health Products Regulatory Authority, these vaccines will be rapidly dispatched to all provinces," he added.

Most vaccination centres were ready to begin the vaccination programme from 17 February.

The President says he is pleased

that the vaccination programme commenced in mid-February, as was previously announced by government.

This feat was realised even though South Africa's roll-out of the AstraZeneca vaccine that arrived on 1 February, had to be suspended as they are not effective against the 501Y.V2 virus variant that is dominant in the country.

Minister Mkhize says the AstraZeneca vaccines will be distributed to countries that do not have the 501Y.V2 virus variant. "There will, therefore, be no wasteful expenditure," he confirmed.

"I would like to congratulate the Vaccine Inter-Ministerial Committee, the Ministerial Advisory Committee on Vaccines, Minister Mkhize and his team, and the Medical Research Council for responding so rapidly and effectively to this challenge," the President says.

Nurse Zoliswa Gidi-Dyosi will go down in history as South Africa's first healthcare worker to receive the vaccine. To date, over 380 000 healthcare workers have registered to be vaccinated.

### J&J vaccine is safe

The President confirmed that the J&J vaccine was shown to be safe

Cont. page 2



To read Vuk'uzenzele download the GOVAPP on:



Search for SA Government on Google playstore or appstore

### CONTACT US



Vuk'uzenzele



@VukuzenzeleNews

Website: [www.gcis.gov.za](http://www.gcis.gov.za)  
[www.vukuzenzele.gov.za](http://www.vukuzenzele.gov.za)

Email: [vukuzenzele@gcis.gov.za](mailto:vukuzenzele@gcis.gov.za)  
Tel: (+27) 12 473 0353

### Tshedimosetso House:

1035 cnr Frances Baard and Festival streets, Hatfield, Pretoria, 0083

**FREE COPY NOT FOR SALE**



## Stappe om die ekonomie weer op die been te bring



**D**it sal binnekort 'n jaar wees sedert die eerste koronavirusgeval in ons land aangeteken is. Die pandemie het 'n hewige tol geëis in beide openbare gesondheid en die lewensbestaan van miljoene van ons mense.

Baie werknemers het deel van hul inkomste verloor met die afskaal van hul werksure, met baie ander wat hul werk heeltemal kwyt is weens afleggings. Verskeie ondernemings het groot verliese gely weens werksaamhede wat afgeskaal is. Ander besighede moes heeltemal sluit. Werkers in die informele sektor het ook hieronder gely.

Die ergste van alles is dat die pandemie die broodwinners in baie gesinne geëis het, wat dié gesinne behoefte en vol vrees vir die toekoms laat.

Dit is hoekom die omvattende verligtingsmaatreëls

wat ons in plek gestel het beide broodnodig en baie dringend was. En nou, 'n jaar later, is die doeltreffendheid van dié maatreëls bewese.

Van al die verligtingsmaatreëls wat ons in plek gestel het, is die twee met die grootste impak bes moontlik die spesiale KOVID-19-toelae en die WVF se KOVID-19 tydelike werkgever-werknemer-verligtingskema, algemeen bekend as KOVID Ters.

Ons sou nie hierdie maatreëls so vinnig kon uitrol as ons nie reeds 'n omvattende maatskaplike sekerheidsinfrastruktuur in plek gehad het nie.

Ons was in staat om vinnig op dié dringende en reuse behoefte in ons samelewing te reageer danksy die wesenlike landswye infrastruktuur en stelsels van die Suid-Afrikaanse Maatskaplike Sekerheidsagentskap (Sassa) en die

Werkloosheidsversekeringsfonds (WVF).

Daar het ongetwyfeld hier en daar 'n paar tegniese en ander foute ingeglip, maar meeste hiervan is somer gou reggestel. Dié staatsagentskappe het uitstekende werk verrig om miljoene mense te registreer en seker te maak dat hulle hul uitbetalings ontvang.

Die steun wat deur die WVF gelewer is, was 'n lewenslyn aan ondernemings en individue in nood. Dit was die verskil tussen ondernemings wat hul deure kon oophou of moes sluit; tussen werke wat behou is en wat verlore gegaan het.

Dit het besighede soos Sihle's Brew, 'n restaurant in Gauteng, bevoordeel; die restaurant was in staat om sy 18 werknemers te behou, danksy die Ters-skema. Danksy staatsondersteuning kon Mamoshalagae Trading and Projects, 'n outo-elektriese onderneming in Mokopane, sy werkers betaal asook die besigheid se huurgeld en uitgawes tydens die inperking dek.

Werknemers in nood was in staat om 'n deel van hul salarisse te ontvang.

Lindiwe Ntuli, 'n regsassistent in Centurion, het getuig hoe die toelae wat sy ontvang het, dit vir haar moontlik gemaak om van die huis af te kon werk en haar huur te kon bekostig.

Daar is baie verhale van ondernemings wat die afgelope jaar danksy die steun wat hulle van die WVF ontvang het hul deure kon oophou. Dit geld ook vir kleinhandel-

sake wat deur die verskeie toelae en lenings wat deur verskillende departemente toegestaan is, geholpe is.

Dié maatreëls het ons mense in tye van nood bygestaan.

Soos wat ons beweeg van verligting na herstel, moet ons van rat verander.

Terwyl hierdie verligtingsmaatreëls van tydelike aard is, gaan die ekonomie steeds vir 'n hele ruk die nagevolge van die pandemie ervaar.

Selfs met die verslapping van baie van die inperking se beperkings, sukkel vele ondernemings steeds met die nagevolge van maande en maande se beperkte werksaamhede en verlore inkomste.

Daar is dus besluit, na aanleiding van omvattende gesprekvoering met maatskaplike vennote by NEDLAC, dat die KOVID Ters-voordele met drie maande verleng sal word tot 15 Maart 2021 in sektore wat nog nie ten volle operasioneel is nie.

Die spesiale KOVID-toelae is met drie maande verleng.

Dit bly egter korttermynmaatreëls.

Ons moet nou daarop begin fokus om 'n omgewing te skep waarin besighede kan herstel en wat werkskepping en belegging aanmoedig.

Die herstel gaan moeilik wees en tyd neem, veral synde ons steeds te midde van die pandemie is.

So belangrik soos die verligtingsmaatreëls is, kan ons dit nie onbepaald in plek hou nie.

Ons moet seker maak dat hierdie verligtingsmaatreëls 'n stewige basis vorm vir die breër herstel van die ekonomie sonder om die land verder in die skuld te dompel. Tensy ons ons nasionale skuld kan afbring na onderhoubare vlakke, sal geen betekenisvolle herstel moontlik wees nie.

Ons nasionale bewussyn moet nou verby verligting na herstel strek, en ons moet almal ons deel bring om dit te bewerkstellig.

As die staat gaan ons vanjaar moeilike besluite oor openbare besteding moet neem en implementeer.

Maatskappye gaan innoverend moet wees met bestuursmetodes en -prosesse om hul volhoubaarheid en winsgewendheid te verseker, met die voorkoming van werksverlies as hul grootste oorweging.

Ons moet geld in ons ekonomie terugplaas deur plaaslike produkte te koop, plaaslike besighede en bedrywe te ondersteun en by plaaslike verskaffers te aan te koop.

'n Beseerde pasiënt met goeie kans vir herstel ontvang gereelde fisioterapie om hom te help om sterker te word sodat hy gou weer op sy eie voete kan staan.

So ook moet dié tydelike verligtingsmaatreëls beskou word as 'n manier om ons ekonomie weer op die been te bring. Ons uiteindelijke doel is om weer self te kan loop.

Kom ons almal strek as 'n nasie 'n helpende hand uit. Kom ons wees saam deel van ons eie ontwikkeling en vordering.

Laat ons gebruik maak van dié verlengde verligtingsmaatreëls om sterk ekonomiese herstel te bewerkstellig. **U**

**Bevorder en beskerm die REGTE van vroue, kinders en kwesbare groepe**

## **MINISTRIËLE SESPUNTPLAN**

### **“AYIHLOME TEEN GESLAGSGEBASEERDE GEWELD”**

#### **PUNT 1**

Alle slagoffers behoort met respek en waardigheid behandel te word en deur opgeleide polisiebeamptes, op 'n wyse wat sensitief teenoor die slagoffer is, ondervra te word.

#### **PUNT 2**

Slagoffers behoort gehelp te word in 'n slagoffervriendelike kamer (SVK) of 'n alternatiewe kamer waar die verklaring in privaatheid by die polisiestase of ander plekke wat slagofferondersteuningsdienste bied, afgelê kan word.

#### **PUNT 3**

Slagoffers sal vir 'n mediese ondersoek deur 'n gesondheidsorgdeskundige geneem word of daarna verwys word om mediese bewyse te verkry en 'n mediese verslag te voltooi.

#### **PUNT 4**

Die ondersoek behoort deur die Ondersoekteenheid vir gesinsgeweld, kinderbeskerming en seksuele oortredings (GKS), of 'n speurder met toepaslike opleiding, uitgevoer te word.

#### **PUNT 5**

Die gesinne en slagoffers van seksuele oortredings, vrouemoord en kindermoord behoort vir mediese, psigososiale, maatskaplike en regshulp na die slagofferondersteuningsdienste wat in die gebied beskikbaar is, verwys te word.

#### **PUNT 6**

Slagoffers behoort proaktief en voortdurend terugvoer oor die vordering van hulle sake te verkry.



### **RAPPOORTEER ANONIEM GESLAGSGEBASEERDE GEWELD EN DIE SLAGOFFERS DAARVAN BY**

**CRIME STOP 10111 SAPD CRIME STOP WENKLYN 08600 10111**

**CRIME LINE SMS 32211 of WWW.CRIMELINE.CO.ZA**

**BEVELSENTRUM VIR GESLAGSGEBASEERDE GEWELD 0800 428 428**



**civilian secretariat  
for police service**

Department:  
Civilian Secretariat for Police Service  
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA



# Hoe om die verlies van 'n geliefde te hanteer



**B**aie mense het weens die koronaviruspandemie geliefdes aan die dood afgestaan en dié verlies voel dikwels onwerklik en moeilik om te begryp. “Jy is nie die enigste een nie,” verseker Zanele Ludziya, 'n gemeenskap-sielkundige verbonde aan die Stiklandhospitaal in die Wes-Kaap.

Om 'n geliefde te verloor, is nooit maklik nie en kan 'n

vlaag emosies ontken.

“Daar is baie tekens wat daarop dui dat 'n geliefde deur die rouproses gaan, maar 'n gebrek aan sigbare simptome beteken nie noodwendig dat die persoon nie rou nie.

“Mense mag tekens van woede, irritasie, hartseer of onverskilligheid toon. Hul kognitiewe funksionering kan ook aangetas word omdat hulle ingedagte is danksy gedagtes oor en her-

inneringe van die ontslapte geliefde. Hulle mag dalk sukkel om te konsentreer of verstrooid voorkom,” sê Ludziya.

Sy raai mense aan om op te let na gedragsveranderinge soos tranerigheid of 'n toename in alkohol- en dwelmgebruik. “Hulle mag dalk meer as gewoonlik rook, hulle mag hulself onttrek of isoleer, of hulle mag mense en plekke vermy. Hulle mag dalk stilte of harder geraas

soek. Hulle kan ook meer aggressief en kortaf wees,” sê sy.

Wanneer mens steun bied aan 'n geliefde, help dit om die rouproses te verstaan en te besef dat elke persoon dit anders ervaar, volgens Ludziya. Sy verduidelik dat om te rou nie 'n toestand is nie, maar wel 'n proses; en dat mense deur verskillende fases gaan tydens die rouproses.

## Die algemene fases van die rouproses

Die algemene fases tydens die rouproses is ontkenning of isolasie (weens skok of verslaentheid); woede (word kwaad vir ander mense wanneer hulle niks verkeerd gedoen het nie); onderhandeling (skuldgevoelens oor dinge wat nooit gesê is nie en ongedane sake); depressie (die hartseer wanneer 'n mens besef die lewe sal aangaan sonder die geliefde); en aanvaarding (die persoon aanvaar die werklikheid, maak vrede met die verlies

en vind 'n manier om steeds 'n vervulde lewe sonder die geliefde te lei).

“Een van die maniere waarop 'n mens die situasie kan hanteer en ondersteuning kan bied is om begrip te hê met die roufase waarin jy of die ander persoon is. Dit sal die persoon wat rou gerusstel dat dit wat hulle ervaar, normaal is. Behandel die persoon met empatie, geduld en begrip; en hou ingedagte dat dit waardeer jy nou gaan, nie vir altyd sal aanhou nie,” sê Ludziya. **V**

Jy kan iemand wat 'n geliefde verloor het, help deur te vra watter tipe ondersteuning hulle benodig.

Daar is ook neregeregingsorganisasies soos die Suid-Afrikaanse depressie- en angs-stoornisgroep (Sadag), wat steun bied. Besoek hul webtuiste by [www.sadag.org](http://www.sadag.org) of skakel die hulplyn by 0800 567 567.

## Get free help for a gambling disorder



Kgaogelo Letsebe

**T**here is no denying there is a certain glamour to gambling. Yet, for someone suffering from a gambling addiction, life is far from glamorous.

This is according to Lesego Kwanini (34), a marketing consultant from Alexandra, who started gambling in 2010 to escape the stress of her relationship and financial situation.

“It started innocently, taking a chance on the slot machines.

It wasn't long before I was hooked. In one day, I won R50 000. It's hard to say no to that kind of rush. But in the end, my habit cost far more than I ever won,” says Kwanini.

Between 2010 and 2015, Kwanini lost her job, family and friends. “I was lying to the people closest to me, but I didn't care... I had my slot machines – they were my friends.”

It was only a matter of time before those 'friends' turned into enemies. Running out of money to support her gambling habit, Kwanini found herself in debt and turned to loan sharks, who she could not pay back. “I was on the verge of suicide,” she admits.

While at a casino, Kwanini saw a pamphlet about the South African Responsible Gambling Foundation's (SARGF) treatment programme for problem gamblers. She attended the foundation's free outpatient counselling sessions for three months. “It was hard. There were many times I felt like gambling, but I stayed strong,” she says.

“I feel blessed now. I'm in a happy place.”

According to Sibongile Simelane-Quntana, the Executive Director of the SARGF, a problem gambler is someone who continues to gamble despite the negative consequences or impact it has on their life. They also do not want to stop.

There are many signs a disordered gambler may exhibit, including being withdrawn, tired and asking for money or loans, she says.

“There are no winners in gambling, only some who lose less,” says psychiatrist Dr Mike West, who practises at Akeso Milnerton.

Betting on games of chance or horses is harmless fun for most people but, when people lose control over their gambling habit, it can be as addictive and destructive as using drugs, says Dr West.

He advises regular gamblers to ask themselves the following questions:

- Do you hide the extent of your gambling?
- Do you gamble to escape

from problems?

- Are you making larger bets?
- When you are not gambling, do you feel irritable or depressed?
- Do you crave gambling or spend a lot of time thinking about gambling?
- Have you had difficulties in the workplace because of gambling?
- Is your gambling negatively affecting your relationships?

If you answer yes to these questions, Dr West advises an in-depth assessment for a gambling disorder. **V**

If you think you need help, contact SARGF's toll-free, 24-hour helpline at 0800 006 008, send a WhatsApp to 076 675 0710 or visit [www.responsiblegambling.org.za](http://www.responsiblegambling.org.za). All services, including support, information, assessment and referral for face-to-face counselling, are free.